N.G. Gemeente Oudtshoorn Welgeluk

Posbus 762, Oudtshoorn, 6620
Van der Westhuizenstraat 23, Oudtshoorn
GPS: Lengtegraad : -33.6103100 Breedtegraad: 22.2012000

VISIE: Om met liefde te bou aan God se Koninkryk

Erediens: 10 November 2019

Prediker: Ds. Andries Potgieter

Teks: 2 Tessalonisense 2: 13-17

Tema: Staan vas!

13. Ons moet God altyd vir julle dank, broers. Die Here het julle lief, en God het julle uitverkies om van die eerstes te wees wat gered word. Julle is gered deurdat die Gees julle vir Hom afgesonder het en deurdat julle die waarheid glo.

14. Hy het julle hiertoe geroep deur die evangelie wat ons aan julle verkondig het, sodat julle deel kan kry aan die heerlikheid van ons Here Jesus Christus.

15. Wees dan standvastig, broers, en hou vas aan die leer wat ons aan julle oorgedra het, of dit deur ons prediking of deur 'n brief was.

16&17. En mag julle in al die goeie wat julle in woord en daad doen, bemoedig en gesterk word deur ons Here Jesus Christus en God ons Vader.

Hy het aan ons sy liefde bewys en aan ons deur sy genade 'n blywende troos en goeie hoop gegee.

Leraar: Ds. Andries Potgieter: Sel nr. 084 514 2178: E-pos – ajpotgieter@telkomsa.net
Pastoralehulp: Ds. Bertine Malan Sel: 076 524 6455: E-pos – bertinemalan@gmail.com
Kerkkantoor : Tel nr. (044) 272 4391 : Kantoorure: Maandae tot Vrydae: 08:00 – 11:00
E-pos adres: ngwelgeluk@telkomsa.net www.nggemeenteoudtshoorn-welgeluk.co.za
Bankbesonderhede: NG Oudtshoorn – Welgeluk: Nedbank: Takkode: 175205: Rek: 1006783962

- **Ons dink in ons gebede aan die volgende persone vir hul gesondheid:**
    - **Setta Wepener** van Jan van Riebeeckweg 26;
    - **Joey Strydom** van Buitekantstraat 57;
    - **Jenny Mostert** van Oosthuizenstraat 12;
    - **Dirk Erasmus** van Jan van Riebeeckweg 125;
    - **Antoinette Erasmus** van Keyterstraat 29.
    - **Stefaans Ferreira** van Milleniumpark, wie se broer oorlede is.

- **Ons bid ook vir die volgende:-**
    - **Ons bid vir uitkoms vir nog reën in ons Klein-Karoostreek wat erg geraak word deur die voortslepende droogte en ons prys die Here vir die reën van die afgelope tyd.**
    - **Ons bid dat Jesus Christus in 2019 'n werklikheid in mense se lewens sal wees.**
    - **Ons bid vir politieke leierskap en stabiliteit in ons land en dat die regering daadwerklik sal optree en sisteme in plek sal stel om 'n veilige en regverdige samelewing te vestig.**
    - **Ons bid vir die veiligheid van elke vrou en kind in ons land.**
    - **Ons bid met deernis vir ons bejaardes en hoop en glo dat hulle die vrede, troos en die ewige liefde van ons Hemelse Vader sal ervaar.**
    - **Ons bid vir alle mans, dat hulle Christus se omgee-liefde sal beliggaam en vroue en kinders sal respekteer.**
    - **Ons bid vir ons matriekleerlinge wat besig is met hul eindeksamen.**
    - **Ons bid vir die studente en dosente van die kweekskool op Môrgenster asook die lidmate van die RCZ in Zimbabwe.**
    - **Ons bid vir leiers in die gemeentes wat Vukasin bedien, om hom in sy bediening by te staan.**

Baie geluk aan ons sewentigplusser wat die week verjaar:

Anna Nieuhaus	10 November 2019

PROGRAM VIR DIE WEEK

Sondag: 10 November 2019

- Die deuroffers gaan aan die **Gemeentefonds**.
- Baie geluk aan die volgende doopouers wie se babas vanoggend gedoop word en baie welkom ook aan hul familie en vriende wat hierdie grootse oomblik met hulle deel:
    - **Gerhard en Elzette Oosthuizen** se dogtertjie **Leah**;
    - **Alewyn en Marieke Vorster** se dogtertjie **Amieke;** en
    - **Werner en Zelda Tome** se dogtertjie **Luané.**
- Ons drink nie vanoggend na die erediens tee/koffie nie.
- **De Hoop se Kerssangdiens** is vanaand om 19:00. Die vooraf-sang begin reeds 18:45.Kom deel in hul vreugde van Kersfees.

Woensdag: 14 November 2019

- **Kerkraadsvergadering** om 18:30 in die konferensielokaal. (Neem asb. kennis dat die vergadering van Dinsdag verskuif is na Woensdag.)

ALGEMEEN

- **Nuwe lidmate** word versoek om u kontakbesonderhede in die boek op die tafel in die voorportaal aan te bring en ook om die vorm gemerk "lidmaatbesonderhede" te neem en te voltooi.

- **Broodjies vir Laerskool Laurus:**

  Liewe Welgeluk-vriende

  As gemeente met 'n missionale ingesteldheid is ons deurlopend by verskeie uitreik-projekte betrokke, waarvan Laerskool Laurus se toebroodjie projek een is. Ons gemeente is al vir etlike jare betrokke met die maak van toebroodjies elke Vrydag vir behoeftige leerders. Ander dae van die week is ander gemeentes betrokke.

  Elke Vrydag word toebroodjies gemaak vir ongeveer 25 kinders. Twee vrywilligers word per geleentheid saam ingedeel en maak saam 4 brode (2 brode per persoon) se toebroodjies. Daar is geen voorskrif vir wat op broodjies kom of nie – net wat moontlik is – en dit word dan die Vrydagoggend voor eerste pouse na die skool geneem.

  Ons nader nou vinnig die einde van 2019 en daar word graag van die geleentheid gebruik maak om vir elke vrywilliger wat vanjaar, maar veral vir diegene wat al vir baie jare deel van hierdie projek is, opreg te bedank vir jul tyd, omgee en daarwees vir hierdie kinders. Wees

verseker dat julle ’n groot verskil in hulle lewens maak of reeds gemaak het!

Daar word verder graag ’n versoek gerig dat indien u by die projek betrokke wil raak, of bereid is om steeds volgende jaar te bly help, u net asseblief vir my kan laat weet. Alhoewel dit nog ’n tydjie is voor ons weer hiermee in 2020 afskop, neem die administratiewe take rondom die projek heelwat tyd in beslag naamlik om die jaarlikse diensrooster op te stel en dit aan al die vrywilligers te e-pos en te koördineer.

Sou u belangstel om by die projek betrokke te wees (nuwe lede of bestaande lede) sal dit waardeer word as u so ’n boodskap na my selfoon kan stuur, met jou e-posadres, of jou huisadres. Indien van julle e-posadresse intussen verander het, laat my asseblief ook weet.

Baie dankie
Tertia Esterhuyse (073 199 9377)

- **Belangrike datums en tye om te onthou:**
    - **Kerssangdiens:** Sondag 17 November 2019 om 19:00.
    - **Gebedsbyeenkoms:** 29 November 2019 se byeenkoms skuif na **6 Desember 2019** om 06:00.

- **Doreen Coetzee** van Pleinstraat 38 (044 272 4660) het 1 kg en 1½ kg vrugtekoeke beskikbaar @ R 120 per kg.
- **Hermien van der Westhuizen** van Luscombeweg 6 (082 850 9096) het **klein koekies en beskuit** beskikbaar.
- **Pikkie Breytenbach** van Keyterstraat 39 hou weer ’n ope-dag op Vrydag, 29 November 2019 vanaf 09:00 – 18:00.
  (044 272 4273 of 084 401 0268)

Gedagte vir die week.

“God se liefdeskraan hou nooit op drup nie.”